DEEL 118 | WEEK 31 | 31 JULIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Bekende brandweerhoof lê ná 30 jaar sy uniform neer

Vir inwoners van Heilbron is Dawid Rossouw 'n bekende gesig. Wanneer 'n brand uitbreek of 'n ernstige ongeluk plaasvind, was hy byna altyd een van die eerstes op die toneel om hulp te verleen. Ná bykans 30 jaar aan die stuur van die Heilbron-brandweer lê hy nou sy uniform neer.

Rossouw se loopbaan in die munisipale diens het in 1989 begin toe hy van Wepener na Heilbron verhuis het. Hy is as behuisingsbeampte in Phiritona aangestel en het in 1994 die pos van Stadsklerk in Phiritona beklee. Twee jaar later, in 1996, is hy as hoof van die Heilbron-brandweer aangestel – 'n pos wat hy met toewyding en passie beklee het tot sy aftrede aan die einde van Julie 2026.

Nog voordat hy die leisels van die brandweer oorgeneem het, het Rossouw reeds as vrywilliger by die staatsambulansdiens hulp verleen. Sy passie om mense in nood te help, het hom deur sy hele loopbaan gekenmerk.

Buiten sy nooddienswerk het Rossouw ook 'n besondere band met die gemeenskap opgebou. Hy het gereeld skole en kleuterskole besoek waar hy kinders oor brandveiligheid en noodprosedures ingelig het. Vir talle jong inwoners was 'n rit in die helder rooi brandweerwa saam met Dawid 'n hoogtepunt wat hulle nooit sal vergeet nie.

Kollegas en inwoners beskryf hom as iemand wat altyd bereid was om sy gemeenskap eerste te stel. Of dit nou dag of nag was, wanneer die noodroep gekom het, was Rossouw gereed om uit te ry.

Met sy aftrede sluit 'n belangrike hoofstuk in Heilbron se geskiedenis af. Hoewel sy dae van nooduitroepe nou verby is, laat Dawid Rossouw 'n nalatenskap van diens, omgee en toewyding agter wat nog lank onthou sal word.











# Gesondheidsbewusmaking plaas fokus op welstand en voorkoming

Gesondheid is een van die waardevolste bates wat 'n mens besit, en daarom word verskeie gesondheidsbewusmakingsveldtogte jaarliks wêreldwyd aangebied om mense aan te moedig om ingeligte besluite oor hul welstand te neem.

Gedurende Julie is die kollig op geestesgesondheid en hepatitisbewusmaking geplaas, terwyl Augustus op vrouegesondheid en Wêreldborsvoedingsweek, wat van 1 tot 7 Augustus plaasvind, fokus.

Geestesgesondheid vorm 'n belangrike deel van elke persoon se algemene welstand. Dit beïnvloed hoe mense dink, voel en optree, asook hoe hulle die uitdagings van die alledaagse lewe hanteer. Volgens gesondheidskenners ervaar miljoene mense wêreldwyd toestande soos angs en depressie, maar baie huiwer steeds om hulp te vra weens die stigma wat dikwels daarmee gepaardgaan.

Bewusmakingsveldtogte moedig mense aan om openlik oor geestesgesondheid te praat en professionele hulp te soek wanneer hulle vir lang tye oorweldig, angstig of moedeloos voel. Familie, vriende en die gemeenskap speel ook 'n belangrike rol deur ondersteuning te bied aan mense wat sukkel.

Op 28 Julie is Wêreldhepatitisdag herdenk. Hepatitis is 'n ontsteking van die lewer wat deur verskillende virusse veroorsaak kan word en soms vir jare geen duidelike simptome toon nie. Indien dit nie betyds opgespoor en behandel word nie, kan dit tot ernstige lewerskade lei.

Gesondheidswerkers beklemtoon die belangrikheid en voorkoming deur inenting waar dit beskikbaar is, veilige mediese praktyke en vroeë toetsing vir mense wat moontlik aan die virus blootgestel is. Vroeë diagnose en behandeling verbeter die kans op 'n gesonde en normale lewe aansienlik.

Met Augustus wat nader kom, verskuif die fokus na vrouegesondheid. Gereelde mediese ondersoeke, 'n gesonde leefstyl en voorkomende siftingstoetse bly van die belangrikste maniere waarop siektes vroeg opgespoor en suksesvol behandel kan word. Kenners moedig vroue aan om nie hul eie gesondheid af te skeep terwyl hulle na hul gesinne omsien nie.

Van 1 tot 7 Augustus word Wêreldborsvoedingsweek gevier. Die week vestig die aandag op die belangrike rol wat borsvoeding speel in die gesondheid en ontwikkeling van babas. Borsmelk voorsien babas van die nodige voedingstowwe en teenliggaampies wat hul immuunstelsel help versterk, terwyl dit ook voordele vir die moeder se gesondheid inhou.

Gesondheidsinstansies beklemtoon dat moeders wat ondersteuning of raad oor borsvoeding benodig, nie moet huiwer om hulp by hul plaaslike kliniek, verpleegkundiges of ander gesondheidswerkers te vra nie.

Bewusmakingsveldtogte soos dié herinner die publiek dat goeie gesondheid nie net die afwesigheid van siekte beteken nie, maar ook die versorging van liggaamlike, geestelike en emosionele welstand. Deur ingelig te wees, voorkomende ondersoeke te ondergaan en betyds hulp te soek, kan individue en gesinne saam bou aan 'n gesonder toekoms.

## UIT DIE PEN:

*Week 31*

Vuur en vlam. Olie op die vuur. En voor jy jou kom kry, is daar 'n hele woordeoorlog wat voor jou oë afspeel. Net omdat mense se geaardhede verskil.

Mense kan mekaar op die vreemdste maniere irriteer. Nie omdat hulle slegte mense is nie, maar omdat hulle… anders is. As iemand ooit vir jou sê mense is almal eintlik dieselfde, nooi hom na 'n familiebraai. Teen die tyd dat die eerste tjoppie op die vuur lê, sal hy besef mense verskil meer van mekaar as bloot net hulle eetgewoontes.

Daar is altyd Kaptein Steyn. Jy herken hom maklik. Hy klim uit sy bakkie nog voordat die enjin afgeskakel het en vra: "Wie het die vuur aangesteek?"

"Ek," antwoord iemand trots. Kaptein Steyn kyk dan na die kole soos 'n chirurg wat ontdek iemand het met 'n stomp bottermes geopereer. "Nee, kom ek leer jou. Staan ander kant toe." Dan vat hy die tang, skuif die hout rond, blaas dramaties op die kole en sê: "Dis nou hoe 'n mens vuur maak."

Nie dat iemand gevra het nie.

Aan die ander kant van die tuin staan Mevrou Perfek. Sy is besig om die slaaibakke in perfekte simmetrie te rangskik. "Die tamaties en komkommer moet in die middel wees. Sit dan die brood hierso. Nee, wag, wie is so simpel om die beetslaai langs die aartappelslaai sit? Dis nie *feng shui* nie." Sy praat van groente asof hulle emosionele trauma gaan ontwikkel.

Dan kom *Worrie Niks* aangestap. Veertig minute laat. Met leë hande. "Die verkeer was 'n nagmerrie." Hy woon vyf huise verder. Hy kyk na die tafel. "Het iemand ys gebring?" Almal kyk na hom. Hy glimlag. "Ek vra maar net."

Mevrou Perfek haal hoorbaar asem deur haar neus. En toe arriveer die twee gevaarlikste mense van die dag. Nie die Kaptein Steyn nie. Nie Mevrou Perfek nie. Nee. Die Onderbrekers.

Hierdie twee glo vas dat 'n gesprek nie bedoel is om klaar gepraat te word nie. Hulle luister net lank genoeg om te besluit hoe hulle jou gaan onderbreek. Anna begin die gesprek.

"Ek onthou toe ons verlede jaar..." "Nee, wag!" spring Sanna in. "Dis niks. Luister hier..."

"Sanna, ek was nog besig." "Ja, maar jy gaan nou die storie verkeerd vertel."

"Hoe weet jy? Ek het nog nie eers..." "Presies!"

"Kan ek klaarpraat?" "Dis wat ék probeer doen!"

Vyf minute later weet niemand meer waaroor die gesprek gegaan het nie. Anna en Sanna gesels nogsteeds met happies inligting.

Frieda Vredesduif probeer ingryp. "Ag nee wat, julle het seker albei 'n punt..."

"Nee!" sê Sanna. "Presies!" sê Anna. "Jy sien?" sê Sanna. "Nee, jy sien!" antwoord Anna.

Teen hierdie tyd eet die res van die familie maar stilweg knoffelbrood. Dis veiliger.

Wessel Wetenskaplik besluit om orde te bring. "Interessant genoeg wys navorsing dat mense mekaar onderbreek omdat..."

"Nee, dis nie hoekom nie!" sê Anna. "Luister eers!" sê Sanna.

Wessel Wetenskaplik gee op. Vir die eerste keer in sy lewe. Later vra iemand die eenvoudigste vraag denkbaar. "Wie wil koffie hê?" Nou sou jy dink dis 'n maklike vraag sonder konflik.

Die Kaptein Steyn sê: "Maak sommer vir almal." Mevrou Perfek vra: "Is dit filterkoffie of kitskoffie?" *Worrie Niks* sê: "Ek drink enigiets." Tien sekondes later: "Ag nee, nie kits nie."

Wessel Wetenskaplik begin verduidelik hoe koffie oorspronklik uit Ethiopië kom. Niemand het gevra nie. Die Onderbrekers probeer terselfdertyd vertel van die beste koffiewinkel waarin hulle nog ooit was.

"Nee, daai plek in Clarens..." "Nee, nee! Die een in Dullstroom..." "Jy was nie saam nie." "Ek hoef nie saam te wees om te weet nie." "Dis omdat jy altyd..." "Jy onderbreek my!" "Jy hét my eerste onderbreek!"

Frieda Vredesduif drink sommer tee. Dis eenvoudiger. Teen sononder besluit iemand dis tyd vir 'n groepsfoto. Nou sien jy persoonlikhede in volkleur. Die Kaptein Steyn staan voor.

"Laat ek gou vir julle elkeen 'n plekkie kry." Mevrou Perfek trek mense drie sentimeter links.

"Nou lyk dit reg."

Net voordat die foto geneem word, verdwyn *Worrie Niks*. Vir twaalf minute. Met sy selfoon en die gasheer se WiFi wagwoord.

Die Sirkusnar maak hasie-ore agter ander se koppe. Elke keer. Selfs agter Ouma. Die fotograaf tel af. "Drie..." "Wag!" skree Mevrou Perfek. "My serp sit skeef."

"Twee..." "Wag!" roep *Worrie Niks* van binne die huis. "Moenie begin nie!"

"Een..." "Wag!" sê Anna. "Ek wou nog iets sê." "Nee, wag!" antwoord Sanna. "Ek eerste!"

Die foto wys uiteindelik twaalf mense waarvan ses glimlag. Twee argumenteer. Een kyk ondertoe. Een se oë is toe. Een is op sy selfoon en 'n ander kou oopmond. En *Worrie Niks* verskyn net as 'n vae figuur wat met sy rug na die foto staan.

Op pad huis toe is elke gas in sy eie gedagtewêreld.

Kaptein Steyn dink: "As ek nie daar was nie, sou niks gewerk het nie."

Mevrou Perfek dink: "Ek wonder of hulle ooit gaan leer om servette ordentlik neer te sit."

*Worrie Niks* dink: "Volgende keer gaan ek vroeër ry."

Wessel Wetenskaplik wonder steeds waarom Anna vir Sanna onderbreek het. Hy gaan waarskynlik later vanaand daaroor oplees.

Anna dink sy het gewen. Sanna dink sy het gewen. Niemand anders weet eens wat die argument was nie.

En Die Sirkusnar stuur daardie aand 'n boodskap op die familiegroep: "Dankie vir die lekker dag. Volgende keer huur ons sommer twee mikrofone vir Anna en Sanna, dan kan hulle mekaar professioneel onderbreek."

Vir die eerste keer die hele dag is almal stil. Vir presies vyf sekondes. Toe antwoord Anna:

"Dis nie hoe dit gebeur het nie..." Waarop Sanna onmiddellik reageer: "Wag, laat ek jou reghelp..."

Ek het hierdie week geleer dat sommige persoonlikhede nooit verander nie. Hulle word net ouer.

Dis miskien hoekom families tog bymekaar bly. Nie omdat dieselfde is nie, maar omdat elke botsing uiteindelik nog 'n storie word wat by die volgende braai oorvertel word.

# Sirkel S Simbras-produksieveiling toon sterk aanvraag

Sirkel S Simbras se vierde produksieveiling, wat op 21 Julie 2026 aangebied is, het uitstekende pryse opgelewer. Altesaam 42 Simbra-bulle is verkoop teen 'n gemiddelde prys van R89 047,62, met die hoogste bod van R190 000.

Onder die kommersiële diere het 69 dragtige verse 'n gemiddelde van R23 199,28 behaal, terwyl 42 dragtige koeie gemiddeld R21 119,05 verkoop het. Negentien kommersiële koei-en-kalf-eenhede het gemiddeld R24 973,68 behaal.

Die twee Simbra-verse is elk vir R26 000 verkoop, terwyl agt Simbra-dragtige verse 'n gemiddelde van R37 000 behaal het, met die hoogste prys van R40 000. Die veiling is deur Vleissentraal aangebied, met Ian Grobbelaar as afslaer.




Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# Oos-Vrystaat boer onder die beste by Lamb Champs








Die Oos-Vrystaat het sy staal gewys tydens vanjaar se Lamb Champs Pretoria wat op 25 Julie plaas gevind het, waar 110 skaapkarkasse van regoor Suid-Afrika beoordeel is.

'n Besonderse prestasie is behaal toe vier van die top ses plekke deur produsente uit die Oos-Vrystaat ingeneem is. Jaco Muller van Frankfort het die 3de plek behaal, Tsaats Hattingh van Heilbron was 4de, terwyl A.T. Bibbey en Eric Bibbey, albei van Frankfort, onderskeidelik 5de en 6de geëindig het.

Van Rooy Dorpers wat in die Riemalnd bekend is vir hulle uitstekende vleis, het ook nog 'n hoogtepunt by die geleentheid ervaar toe Lot 51, 'n 25,5 kg-skaapkarkas, tydens die Lamb Champs-bokslamveiling vir 'n indrukwekkende R50 000 verkoop is. Die uitsonderlike veilingprys getuig van die uitstekende gehalte van die karkas en was die kroon op 'n baie suksesvolle Lamb Champs vir die span.

Die uitslae beklemtoon weereens die Oos-Vrystaat se vermoë om van Suid-Afrika se beste gehalte lamsvleis te produseer en bevestig die streek se uitstekende reputasie in die skaapbedryf.

# Huppel Trippel laat Julie speel-speel agter

28 Julie was 'n speeldag by HT. Van 'n "Donkey derby" wat met toiletpapier gedoen is tot 'n "Vang-'n-bord" met 'n boontjiesakkie, is gespeel. Intussen was daar 'n baie vermaaklike "Doen-wat-ek-sê,-maar-moenie-doen-wat-ek-doen-nie" gespeel. Wenners is beloon met 'n tjoklit; maar verloorders was die ontvangers van 'n suurwurm. Oor twee weke, op 11 Augustus, is die program se titel: Lagdag. Die program sal bestaan uit allerhande lekker lawwe dinge wat mens laat lag.













# Bronnies eindig vierde onder die Vrystaat se beste

Hoërskool Heilbron se O/19A-netbalspan het onlangs aan die VKB B-liga Vrystaat-netbaltoernooi in Reitz deelgeneem. Die toernooi het van die sterkste skole in die provinsie gelok, met 50 netbalspanne wat oor die naweek in aksie was.
Die Bronnies het deurgaans uitstekende netbal gespeel en die toernooi in 'n verdienstelike vierde plek in die Vrystaat afgesluit – 'n prestasie waarop die spelers, afrigters en die skool met reg trots kan wees.




## Rudie presteer tydens Rhino Week




Rudie Jonker leerder van Hoërskool Heilbron het gedurende die skoolvakansie aan die gesogte Rhino Week-rugbytoernooi in Vanderbijlpark deelgeneem.
Hy is vir die O/12 Raptor-span gekies en het as losskakel uitgedraf. Rhino Week bring jaarliks van Suid-Afrika se belowendste jong rugbyspelers bymekaar en bied hulle die geleentheid om hul talent op 'n hoë vlak ten toon te stel.
Rudie se deelname aan dié toernooi is 'n besondere prestasie en getuig van sy harde werk, toewyding en talent op die rugbyveld.



## Rioolprobleme wek kommer onder inwoners

Inwoners van Sandersville en ander dele van Heilbron spreek toenemende kommer uit oor rioolwater wat vir lang tye in woonbuurte opdam. 'n Plasing op sosiale media wys hoe rioolwater by Kearabetswe Primary School vloei, met inwoners wat vrees dat die situasie 'n gesondheidsrisiko kan inhou. Die probleem is egter nie tot Sandersville beperk nie. Verskeie huise in Heilbron ervaar soortgelyke probleme. 'n Inwoner van Vegkop moes byvoorbeeld byna 'n maand lank met 'n opgestopte drein wat oorstroom saamleef, ondanks talle klagtes wat by die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit aangemeld is. Die water het tot in die bure se erf ingeloop. Die probleem is eers Dinsdag herstel. Inwoners doen 'n beroep op die munisipaliteit om vinniger op rioolverstoppings te reageer om gesondheidsgevare en verdere skade aan eiendomme te voorkom.

# Bronnies se Golfdag bring gemeenskap bymekaar

Die Bronies Kleuterskool se jaarlikse golfdag, wat Saterdag by die Heilbron Gholfklub aangebied is, was 'n groot sukses en het spelers, gesinne en ondersteuners vir 'n dag van sport, pret en samesyn bymekaar gebring.
Die dag is gekenmerk deur 'n heerlike gesinsatmosfeer waar oud en jonk saam kon kuier en die verrigtinge geniet. Een van die hoogtepunte was die deelname van inwoners van Huis Bron van Heil, wat met groot entoesiasme deelgeneem het. Hoërskool Heilbron het ook hul ondersteuning getoon en bygedra tot die besondere gees van die dag.
Daar was heelwat pryse op die spel, wat vir opwinding op die baan gesorg het. Die deelnemers het uitstekende golf gespeel en die wenners is met welverdiende pryse beloon.
Die organiseerders verdien besondere lof vir 'n puik en professionele aanbieding. Alles het vlot verloop en die dag was 'n toonbeeld van goeie beplanning en samewerking.


*Op die foto vl: Annemarie Hayward en Rudie Jonker.*


*Op die foto vl: Annemarie Hayward en Louise van Staden.*


*Op die foto vl: Annemarie Hayward en Yonuscha Prinsloo.*


*Op die foto vl: Annemarie Hayward en Nathan Kotze.*


*Op die foto vl: Shaun en Annemarie Hayward en Christelle Adlem.*

OK MiniMark
Villiers & Heilbron
VAKATURES
DELI / RESTAURANT BESTUURDER
VEREISTES:
1. Ervaring in Deli en Restaurant bestuur
2. Voorliefde vir kosmaak
3. Ervaring in personeel bestuur
4. Rekenaarvaardigheid
Aangename werksomstandighede en 'n mededingende salaris word aangebied.
Slegs skriftelike aansoeke sal oorweeg word.
Stuur CV's na:
admin7@okbultfontein.co.za
SLUITINGSDATUM: 7 Augustus 2026

# HERALD Sport

# Hoërskool Heilbron se eerste gholfspel

Hoërskool Heilbron het onlangs gholf as 'n nuwe sport by die skool gevestig. Met organisering van juffrou Magdel Haasbroek en onder afrigting van die gholflede, het die skool se gholfspan Saterdag hul eerste toernooi tydens Bronnies Kleuterskool se Gholfdag gespeel. Die toernooi was 'n uitstekende begin vir die jong span, wat sommer met hul eerste deelname hul merk gemaak het. Verskeie Heilbron-leerders het uitstekende vertonings gelewer en met toekennings weggestap.

Rudi Jonker is as wenner van die laerskoolafdeling aangewys. Nythan Kotze het die hoërskoolafdeling gewen en is ook as die beste seunspeler van die dag aangewys. Yonuscha Prinsloo het die dogtersafdeling gewen en boonop die toekenning as beste meisiespeler van die dag ontvang.

Hoërskool Heilbron se gholfprogram het met hierdie eerste deelname reeds sterk momentum gekry en die spelers is vasberade om op hierdie prestasies voort te bou in toekomstige toernooie.



*Op die foto vl: Nythan Kotze, Henicho Reynolds, Rudie Jonker, Luhan Rossouw, Aiden Hayward, Stroebel Rossouw, Shandi Prinsloo en Yonuscha Prinsloo.*

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 25 Julie 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Bethulie gevlieg en die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 12:04 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 381 kilometers. 9 Lede en 367 duiwe het deelgeneem.

1. Du Plessis Hokke
2. Spartan Pigeons 2
3. Spartan Pigeons 2
4. Spartan Pigeons 3
5. Spartan Pigeons 3
6. Spartan Pigeons 3
7. Heine Hokke
8. Spartan Pigeons 2
9. Inkwe Loft
10. Inkwe Loft



*Op die foto is Flippie du Plessis van Du Plessis Hokke met die wenduif 595.*




WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
OFFICE HOURS
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 3 AUGUSTUS 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WARDEN: NEL BOERDERY
Staak-beesboerdery Bonsmara-tipe beeste
11:00, veilingskrale
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 4 AUGUSTUS 2026
DEVON: OPEN RANGE BEEFMASTERS
11:00, plaas Leeuwkop
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

WOENSDAG - 5 AUGUSTUS 2026
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
WARDEN: BLOUBERG, SANLEO & LILA SIMBRA
11:00, veilingskrale
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

DONDERDAG - 6 AUGUSTUS 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
ROADSIDE/VREDE DISTRIK: KEEVERSFONTEIN ROOI BRANGUS
11:00, plaas Alto
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
NIGEL: GEEJEE BONSMARAS
11:00, plaas Leeuwfontein
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VRYDAG - 7 AUGUSTUS 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FOURIESBURG: ZINABOS BONSMARA
11:00 plaas Hoogland
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING